**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

**22 November 2020**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

## Tema 2020 - VISIE 20/20

**OGGENDEREDIENS** — **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing**
**Ester 4**
**Ester 9: 20—22**

**Tema**
**"Miskien is dit met die oog op 'n tyd soos hierdie" - Leef jou roeping.**

**Fokusteks**
**Ester 4:14**
**Ester 9:22**

**Sang**
**Skrifberyming 1-1 : 3, 7**
**Psalm 8 : 3, 4, 7**
**Psalm 71 : 12, 14**
**Skrifberyming 18-7 : 3, 10, 12**

In SA is 'n legio struikelbokke in ons samelewing wat samewerking in die wiele ry. Anargiste skep vrees en krap waar dit nie nodig is nie. Ons kan rye probleme opnoem en onsself baie negatief maak. Wat staan ons elkeen as 'n gelowige te doen? Die agtergrond van die boek is die ballingskap van Israel. Ahasveros was 'n suksesvolle koning. Hy heers van 486 tot 465 oor 127 provinsies van Indië tot by Kus. Waneer jy in ballingskap weggevoer is, was die idee dat jy met die oorwinnaar een sal word om hulle verder te versterk. Hy hou 'n groot fees vir al die invloedrykes van die Persiese ryk met 'n oorvloed kos en drank. Die geskiedenis leer ons van koningin Vasti wat dan nie wil inval by die koning se planne nie, en sy weier om voor hom te verskyn. Nadat sy afgesit is as koningin is daar plek vir Ester om die koningin te wees. Die weeskind wat deur haar oom groot gemaak is, word die koningin. Sy was baie mooi. Hegai die man in bevel van die koning se harem het haar dadelik raakgesien.

Hy het dadelik vir haar die beste skoonheidsbehandeling en dieet gegee, asook 7 bestes van die paleis se personeel tot haar beskikking gestel. Hulle is na die beste deel van die vrouekwartiere verskuif. Die voorbereiding het vir 12 maande geduur en daarna is die meisies die geleenheid gegee om na die koning te gaan. Nadat Ester by die koning was, het hy so van haar gehou dat hy die koningskroon op haar kop gesit het en 'n groot onthaal ter ere van haar gehou het.

Ester en haar oom Mordegai het ‘n sameswering oopgevlek en die koning se lewe gered. Daarna kom Haman, wat oor al die amptenare aangestel was, op die toneel en wil al die Jode vermoor, omdat Mordegai nie voor hom wil buig nie. Hy buig net voor God. So het Nebukadneser dit al by Daniël ondervind.

Daar is geloot om ‘n dag te kies waarop die Jode uitgeroei sou word. Haman is na die koning om hierdie bose plan in werking te plaas. Hy het die Jode aan die koning as die vyand in hul midde voorgehou. Hy het 342 ton silwer aangebied om die koning se sanksionering vir sy bose plan te kry. Rykdom verlei ‘n mens om op jouself en jou aardse besittings te vertrou Jy glo met jou geld kan jy alles koop of laat gebeur. Die spreuk lui: “Alles het ‘n prys”. Die wet is uitgevaardig dat op die 13de van die 12de maand (Adar) alle Jode uitgeroei moes word. Daar moes op hul besittings beslag gelê word. Dié proklamasie is as wet in elke provinsie afgekondig. Hamman het gaan sit en drink. Die stad was in beroering. Die volk in ballingskap het totale uitwissing in die oë gestaar.

Ester was uiteraard baie ontsteld oor die situasie. Ons lees van haar vrese, twyfel, onsekerheid en die bevraagtekening van God se liefde. Menslik was dit onmoontlik om hierdie ramp af te weer. Tog was daar ‘n ligpunt: Ester word versoek om na die koning te gaan. Die risiko’s was groot, baie groot. Vrouens was nie gereken in daardie tyd nie. Die koning het Vasti sommerso vervang. Die reël was dat enige een wat na die koning gaan terwyl hy/sy nie ontbied is nie, sonder meer doodgemaak word. Die enigste uitsondering was, as die koning sy goue septer na so ‘n persoon uitsteek, is ‘n oudiënsie toegestaan. Wat die saak gekompliseer het is die feit dat Ester al vir ‘n maand lank nie na die koning ontbied is nie. Satan is aan die werk – Hy wil steel, slag en vermoor. Hy wil die saad van Adam uitroei. Toe hierdie boodskap aan Mordegai oorgedra is, was sy reaksie: “Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ‘n tyd soos hierdie….” Ester het tot aksie oorgegaan. Sy het haar oom laat weet: Julle moet vas. Ek en my kamerpersoneel gaan ook vas. Ester stap die pad van afhanklikheid.

Om te vas was ‘n manier om jou lewe voor die Here te stel. Hulle moes fokus op die Here. Alles wat hul aandag kon aftrek is vermy - selfs kos. En kyk hoe doen hulle: Hulle pleit om die wysheid van die Here. Hulle bid dat die Here vir hul die pad sal wys. Hulle bid om krag en insig vir die probleem van hul dag. Ester word deur die Here gelei om te besef: Die Here het die saak op haar weg geplaas om iets daaraan te doen. Was dit nie met die oog ‘n tyd soos hierdie wat sy juis koninging van Persië geword het nie? Hoe wil die Here haar nou gebruik om iets vir sy volk te doen?

Die kern van die verhaal is: Die magte van hierdie wêreld word nie deur opspraakwekkende Goddelike magsvertoon buite aksie gestel nie. Dit word teengestaan deurdat God mense op spesifieke plekke en tye plaas. God is nie van jou afhanklik nie, maar Hy werk deur mense wat Hy gereed maak om sy stem te hoor en in die geloof reageer. ‘n Mens wat deur God se Gees menslik onmoontlike dinge kan doen.

Dink aan Moses wat nie kan praat nie – hy lei ‘n volk vir 40 jaar in die woestyn. Petrus wat nie onrein wil word nie, maar dan ‘n visioen ontvang om in ‘n heiden se huis in te gaan.
Paulus wat in ‘n gesig na Macedonië geroep word, om na die heidene te gaan en wat in die hart van afgodery staan en praat oor die kruis en opstanding. Jesus Christus die Seun van God, word in ‘n stal tussen sondaars gebore. Hy hang aan ‘n kruis op die regte oomblik om versoening te werk; totaal anders as wat die mense dit vra. Adam se saad oorwin die slang. Maar kyk mooi: Nooit het Christus 1 keer vir die Jode gesê dat Hy hulle gaan verlos van die heidene se oorheersing nie. Bly by die waarheid. Die opstanding uit die dood laat vandag nog mense spot en lag. Mense verstaan steeds nie hoe God werk nie – ook nie nou nie. Gaan verkondig aan die nasies dat Christus, die Gesalfde is. Nie red jouself en jou huis met jou mensbedinkte planne nie. Ester en Modegai is deur die Here wonderbaarlik in hulle geloof bewaar. Die Here het ons bewaar vir ‘n tyd soos hierdie.

Hoe? Bid om Goddelike wysheid en insig. Soek die wil van God en jaag dit na. Waar jy weet daar is sonde in jou lewe - bekeer jou! Bou jou dag op die regte fondasie. Weet, miskien is dit juis met die oog op ‘n tyd soos hierdie, dat jy is waar jy is, werk waar jy werk, deel is van ‘n familie. Ons kan in hierdie land die Woord op die gereformeerde manier verkondig – in volle waarheid. God wil ons hier gebruik. Staan op vir dit wat reg is. Doen die wet van God. Lewe uit liefde vir Hom. Dissipels volg Jesus en maak ander dissipels. Al het jy geen posisie in die lewe nie – weet: God wil jou gebruik.

Die Here het die volk se lot verander. Die Purimfees is ingestel – angs het in blydskap verander, rou het fees geword. Ons het die sakramente ontvang om ons aan Christus se verlossing te herinner – doop en nagmaal is feestyd. Maar wys ook verder vorentoe aan die ewige fees wat wag. Die nuwe Jerusalem is gereed om jou te ontvang. Onthou: in die Kerk is jy nie ‘n passasier nie. Jy het vandag en elke ander dag terwyl jy lewe, werk om te doen – Hou aan tydig en ontydig. Leef jou Goddelike roeping met eer, lof en dank aan Hom wat alles op die regte tyd laat gebeur.

## BYBEL VERTALING 2020 WEERGAWE

Die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel : 2020 vertaling is nou beskikbaar en kan bestel word by sales@biblesociety.co.za of vanaf die Bybelgenootskap se aanlyn winkel of van die kerkkantoor.




# OOG VIR MEKAAR



* Ons is dankbaar dat Dawie van der Merwe deur sy oogoperasie is. Ons bid dat jou sig nou beter sal wees. Sterkte vir jou en Hester.
* Martin Venter se hand het onder ‘n masjien beland. Ons is dankbaar dat die skade beperk was en dat die operasie suksesvol kon afloop. Seën vir jou en Annetjie in die hersteltyd.
* Ons dink in ons gebede aan Nelie Badenhorst wat nog siek is. Ons glo dat die dokter se behandeling positiewe gevolge sal inhou.
* Ons bid vir almal wat die nagevolge van chemo behandeling en bestraling ondervind. Ons bid vir julle en julle gesinne.
* Seën vir kinders en ouers wat nog besig is om die eksamen te oorleef. Mooi leer en vasbyt.
* Ons hoor en sien elke dag die nagevolge van die pandemie se uitwerking in ons stad. Ons bid vir almal wat direk en indirek geraak word. Mag ons Vader ons almal in die geloof versterk, sodat ons ons oë op Hom gerig sal hou.
* Ouderlingevergadering Maandag 23 November 2020 om 18:00

# ALMANAK 2021




Almanak 2021 is nou beskikbaar vir bestelling.
Skryf nou jou naam op die kennisgewingbord vir bestelling.
Almanak 2021 se kostes is R100.00

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **22 November** | **Kollektes** | **By deure:** | Diakonalesorg. |
| **24 November** | **10:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **25 November** | **18:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **26 November** | **09:30** | By Alta Theron se huis | |

## DIAKONIE

Die diakonie vra dringend hulp vir droë voorraad om in die gemeente te kan help. Kontant bydraes is ook baie welkom. U kan dit by die kerkkantoor afgee.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak, om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sidanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met br.

Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting

per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as**

**Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

## KERKRAAD

Finansiële verslag tot en met Oktober 2020 is aangeheg vir lidmate se insae. Ons bedank lidmate wat maandeliks hulle bydraes gee. Die finansies word met sorg hanteer en sover moontlik word uitgawes beperk.

Die finanskommissie doen te midde van die moeilike omstandighede 'n beroep op almal om hulle bydares by te hou aangesien ons die Woordbediening instand moet hou.

Ons bede is dat die Here ons gemeente sal by versorg in hierdie moeilike omstandighede. Psalm 50 : 14, 15 sê duidelik " Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer."

<u>Gereformeerde Kerk Pietersburg Begroting Opsomminig tot einde Oktober 2020.</u>

<u>2020 Begroting Opsomming</u>

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2020 Bydraes Begroting op 5% | R 1 749 587.08 | | 2020 Begrote Uitgawes | R 1 877 97.08 | | Tekort 2020 | -R 127 610.00 |
| Gem. per maand | R 145 798.92 | | Gem. per maand | R 156 433.09 | | Tekort per Maand | -R 10 634.17 |
| | | | | | | | |
| 2020 Bydraes ontvang | R 1 181 853.26 | | 2020 Uitgawes | R 1 483 306.25 | | Tekort 2019 | -R 301 452.99 |
| Gem. per maand | R 118 185.33 | | Gem. per maand | R 148 330.63 | | Tekort per Maand | -R 30 145.30 |
| | | | | | | | |
| 2019 Bydraes ontvang TOD | R 1 305 110.41 | | | | | | |
| 2019 Gem. per maand TOD | R 130 511.04 | | | | | | |

-R 76.90


Bydraes het geval per maand R 12 325.72 -9.44%

<u>Maandeliks opsomming op 5% verhoging.</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gem. Bydrae per lidmaat | **R 371.94** | Tekort per Lidmaat | **-R 27.13** | Lidmaat Totaal '20 | **392** |
| Gem. Uitgawe per lidmaat | **R 399.06** | | | Lidmaat Totaal '19 | **463** |

Die tekorte sal moet uit die Investec Rekenning onttrek word.

| | | |
|---|---|---|
| Getrek die jaar uit Investec | **R 410 000.00** | R 41 000.00 |
| Investec Saldo 30/06/2020 | **R 5 609 064.26** | |
| Investec Saldo 31/10/2020 | **R 5 557 787.49** | |
| | -R 51 276.77 | |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
R-
R50 000.00
R100 000.00
R150 000.00
R200 000.00
R250 000.00
JAN
R124 661.00
R147 923.92
FEB
R128 908.63
R158 569.19
MRT
R135 141.00
R171 780.23
APR
R90 471.00
R102 439.60
MEI
R124 521.00
R134 154.62
JUN
R128 095.00
R143 271.33
JUL
R128 442.63
R194 868.32
AUG
R107 461.00
R154 034.54
SEP
R103 661.00
R143 868.21
OKT
R110 491.00
R134 396.29
DANKOFFERS



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 22 Nov | Flip Nell | B | 083 302 1802 |
| Di 24 Nov | Rietha Carstens | B | 072 453 9747 |
| Wo 25 Nov | Stephan Coetsee | B | 082 494 0596 |
| Sa 28 Nov | Corne Du Plessis<br>Elna Pienaar | B<br>B | 082 823 7487<br>082 419 8882 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 24 Nov 2012 | Danie en Rioni Combrink | 8 | 082 804 7041<br>082 335 9553 |
| 28 Nov 1987 | Gideon en Annemie De Klerk | 33 | 082 806 3190<br>082 805 8947 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*As jy nóú swyg en daar kom van 'n ander kant af uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!"*

*Ester 4 : 14*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS